# Voorbereiding om te versnel

**Eduan Els 26/08/ 2018**

**1 Kor. 9:24-27 (AFR 83) "Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."**

**HOE KOM ONS IN DIE REGTE POSISIE VIR GOD OM ONS TE VERSNEL?**

**1. ONS MOET BEREID WEES OM DEUR 'N VOORBEREIDINGS PROSES TE GAAN**

**1.1.** Als gebeur nie altyd dadelik nie, ons is in 'n proses van voorbereiding om versnel te raak.

**1.2.** Ons moet uithouvermoë hê.

**Romeine 5:3-5 (AFR 83) "Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."**

**1.3.** Voorbereiding vereis dat ons, ons swakhede adresseer.

**1.4.** Soms vat God ons deur vuur om ons te verfyn.

**2. ONS MOET DIE REGTE HOUDING HÊ**

**1 Kor. 9:26-27 (AFR 83) "Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."**

**2.1.** Ons houding bepaal hoe ons gaan reageer op situasies.

**2.2.** Ons moet ons probleme met die regte houding nader.

**3. ONS MOET IN 'N SPAN WEES**

**Spreuke 27:17 (AFR 83) "Yster slyp yster, vriende vorm mekaar."**

**3.1.** Ons het 'n span om ons nodig.

**3.2.** Ons het mense nodig wat vir ons uitkyk.

**3.3.** Ons het mense nodig wat ons uitdaag om beter mense te raak.

**3.4.** Ons moet mense toelaat om in ons lewens in te spreek.

**4. VOORBEREIDING SIT ONS IN 'N POSISIE OM TE VERSNEL**

**4.1.** Ons moet voorberei deur in die regte posisie in te beweeg vir versnelling.

**4.2.** Die werk wat Jesus aan die kruis gedoen het maak dit moontlik vir ons om in die regte posisie te wees om versnel te raak. Ons moet net in lyn kom met die posisie wat God vir ons voorberei het.

**GESPREK GITS**

**VOORBEREIDING OM TE VERSNEL**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Is jy bereid om deur 'n voorbereidings proses te gaan, wat vereis dat jy jou vrese, onsekerhede, intimidasie en gebreekte verhoudings in die gesig moet staar, om versnel te kan raak?
2. Watter houding het jy teenoor die uitdagings wat jy deur werk op die oomblik? Is jy vasbeslote om hulle reg uit te stap of is jy reg om op te gee?
3. Het jy mense in jou lewe wat vir jou uitkyk?
4. Laat jy mense toe om in jou lewe in te spreek?